# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 2 Oktober 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds Piet Venter**

FOKUSTYD: Ons sluit ons 2022 Fokustyd vandag af uit die boek Jona. Die Bybelstudie riglyne uit Jona van die afgelope week sal diegene wat dit volg, wel nog ‘n tydjie besig hou en ek vertrou dat julle dit opbouend sal vind.

Ons dank die Here dat ons aan die hand van die tema: “Stap saam met Christus oor grense na verlore mense” ons in Sy Woord kon verdiep en bid dat die Heilige Gees dit wat ons geleer en oordink het in die geloofslewe van elke lidmaat en in ons gemeente sal seën.

Ek wil graag hierdie vertel:
Terwyl ek die afgelope week na dokumente op my rekenaar soek, ontdek ek - tot my groot verbasing en skok - dat ons gemeente in 2010 feitlik presies dieselfde Fokustydtema oordink het.

**Hier is ‘n uittreksel uit die Dienelkander van 29 Augustus 2010:**
“Verloop van ons reeks preke tot dusver:
18 Julie: God se liefde dryf Hom oor grense heen om ons te red.
25 Julie: Christus, met sy koms, ons voorbeeld van selfverloëning oor grense heen, om God se liefde na die mense te bring.
1 Aug: Christus stap hier op aarde oor mensgemaakte grense heen om verlore sondaars te red
Aanddiens: Christus se twee nature: geheimnisvolle grense wat ons in die geloof aanvaar.
Vandag: Grense wat ons verhinder om die liefde van God uit te dra.”

In daardie Dienelkander is ‘n ook samevatting van groepsgesprekke wat ons gevoer het en waarin die grense en hindernisse bespreek is. Daardie grense en hindernisse kom amper woordeliks ooreen met dit wat ons vanjaar met die groepsgesprek geïdentifiseer het en wat ons oordink het.

**‘n Paar gedagtes het my diep getref en laat nadink:**

- Is dit hoe ons as mense dan is - dat ons so gou vergeet? Openbaar dit iets van die erns en toewyding waarmee ons die Here dien en Sy Woord hanteer?
- Het daar dan niks ten opsigte van hierdie Bybelse waarheid in ons persoonlike lewe en in ons gemeentelike lewe na 12 jaar verander nie? Dat ons dit weer moet bedink?
- Sal daar hierdie keer iets in my verhouding met die Here en my gehoorsaamheid aan die Here verander?
- Sal ons as gemeente hierdie keer die roepstem van die Here ernstig opneem?

**MAAR OOK:**

- Is dit nie ook ‘n bewys van God se lankmoedigheid met en grenslose liefde vir ons nie? Dat Hy ons - onwillig soos Jona - nie los nie, maar ons weer geleentheid gee om gehoorsaam te wees! Dat Hy ons weer roep om Hom te volg?
- Dankie Here vir U geduld met ons! Dankie dat U ons nie los nie maar ons liefdevol oortuig van u liefde en redding in ons lewe! Dankie dat ons weer kan hoor: hierdie genade en liefde wil U ook vandag aan verlore mense gee! Mag ons dit gewillig en met vreugde uitdeel!

Daarom bedien ek vandag aan u presies dieselfde preek uit Jona 4 wat ek op 29 Augustus 2010 hier bedien het. Om ons almal weer na Jona te laat kyk en pynlik te besef: ons is Jona! MAAR ook om God in sy liefde, lankmoedigheid en genade vir ons en vir verlore mense te laat sien!
Miskien sal ons hierdie keer luister…..?

**Tema: Sal God se grenslose liefde (besorgdheid) die grens van ons selfsug uitwis?**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 105 - 1: 1, 2 en Ps 113 - 1: 1, 2

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 15 - 1: Beurtsang 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs) en 4 almal; Votum; Seën; Loflied Sb 2 - 4: 1, 2; Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 9

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Matteus 22: 36 - 40 en
Matteus 16: 24 - 26; Sing Ps 103 - 1: 2, 9; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Jona 3 en 4;
Fokusverse: Jona 4: 9 - 11
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing: Lied 510 : 1, 2, 3, 4; Gebed; Sing Lied 485: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

| |
|---|
| Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en Teol. Studentekas (Klein boks) |

**GROEPBEDIENING**
Soos gereël deur die verskillende kleingroepe.

**MEELEWING**

- Andries Coetzee is ernstig siek en baie swak. Hy word in Medikliniek behandel. Ons dra vir hom, Driekie en die kinders aan die Here op.
- Douw Kruger wag nog steeds op uitslae om die presiese aard van sy siekte vas te stel.

- Elize Abrie ondergaan DV Dinsdag ‘n operasie aan haar been om skade te herstel na die motorongeluk.
- Kitty Kruger het ‘n groot operasie ondergaan om kankergewasse te verwyder en was die afgelope week vir verdere toetse om vas te stel of al die kwaadaardigheid verwyder is.
- Rina Seyfferd het geval en is in 1 Militêre-hospitaal opgeneem vir behandeling en toetse en sterk nou tuis aan.
- Mariana du Plessis was in die hospitaal opgeneem vir behandeling en herstel tuis.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

## BAIE WELKOM AAN

Bartho Pasch wat opgeneem word in die GKSA. Hy woon in Mi Casa m/h nr. 91, groep 28.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Groepbediening

**Maandag - Vrydag**
Kinderfees

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks – Zapper betaal-metode beskikbaar) en Teol. Studentekas (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 28 en 29.

## KERSMARK RESTOURANT VOORBEREIDINGS

Liewe susters en broeders,

Julle hulp word benodig:
Die gewildheid van ons restourant tydens die Kersmark bring lekker uitdagings na vore, bv. om te sorg dat ons genoeg voorraad per dag het en dat alles glad verloop. Ons het aan ‘n plan gedink om dit vir almal makliker te maak en nie te veel druk tydens die Kersmark op ons gemeentelede te plaas nie.

Ons beplan om die drie Saterdag-oggende (5, 12 en 19 Nov) voor die mark begin, te gebruik om die voorbereidingswerk te doen. Daar moet maalvleis, hoender en kerriemaalvleis gaargemaak, verpak en gevries word. Ons doen ‘n beroep op julle om asseblief julle hulp aan te bied. Kom ons maak die werk ligter - ook met jou hande! Al kan jy net een Saterdag help, sal dit wonderlik wees!
Kyk uit vir die naamlys in die Skuur waar jy jou naam en die dag waarop jy kan help, kan opskryf.
Dankie dat ons op jou kan staatmaak.
Die Kersmarkkomitee

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 3 Oktober**
Sr Annelize Badenhorst
Br Zack de Beer
Br Fanie v Zyl *

**Woensdag, 5 Oktober**
Jsr Maya Steenkamp

**Donderdag, 6 Oktober**
Jsr Carmien Pretorius

**Vrydag, 7 Oktober**
Sr Annemie Kruger

**Saterdag, 8 Oktober**
Sr Rieëtte Venter
Sr Annetjie Vermeulen

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## OOSDOPPERKAMP – Vir gesinne met kleiner kinders

Ouers lees Bybelverhale, leer hul kinders bid en doen saam katkisasie. Veral met klein kindertjies is Bybelstudies en kleingroepbyeenkomste meer chaos as leersaam. Ouers se geloofsgroei gaan staan soms stil.

Ons beplan ‘n kamp vir ouers en kinders en wil hierdie geleentheid gebruik om mekaar te bemoedig, suksesse te deel en ons geloofsgroei weer aan te wakker.

Datum: 28-30 Oktober
Plek: Rietspruitdam Ontspanningsoord
Koste: R200 per gesin vir die naweek
Daar is nog slegs 5 staanplekke beskikbaar.

Vir besprekings en navrae kontak Marlise (083 655 8145) of Anton (078 114 1757)

## GKSA-NUUS

**Beroepe ontvang**
• Ds LD (Daniël) Myburgh van GK Venterstad na GK Middelburg (Oos Kaap)
• Ds GD (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts na GK Vredenburg/Saldanha

**Beroep bedank**
Ds FJ (Frikkie) van Rensburg van GK Rustenburg Kruisberg na GK Vredenburg/Saldanha

**Ontbinding – GK Delareyville**
Op die kerkraadsvergadering van 21 November 2021 is besluit dat die gemeente as gevolg van verskeie redes nie meer voort kan bestaan nie. Op ‘n gemeentevergadering van 28 November 2021 is die saak aan die lidmate voorgelê. Daar is toe besluit dat die gemeente nie verder kan voortbestaan nie. ‘n Versoek tot “ontbinding” is op 19 April 2022 aan Klassis Vryburg voorgelê. Die Klassis het aanbeveel dat daar voortgegaan kan word met ontbinding. Op Sondag 25 September 2022 het ds Abraham Krüger, met wie die gemeente sedert Januarie 2020 ‘n bedieningsooreenkoms gesluit het, die ontbinding gefasiliteer deur in die laaste erediens voor te gaan en vir die laaste keer nagmaal in die gemeente te bedien. Die kerkraadslede is losgemaak uit hulle ampte en al die attestate, asook opsê van lidmaatskap is afgelees.
Geteken – Ds AP Kruger en Oudl G van der Klashorst (skriba)

## KENNISGEWINGBORD

- Groenwilgers Aftree-oord: Woonstel te huur - onmiddellik beskikbaar. Skakel Pieter Bredenkamp (082 879 7507).

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138
Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

BAIE **DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Rolene vd Walt en groep 23, asook Annarie Oelofse en groep 33.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Des** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |